# UITEENSETTING EN EVALUERING VAN DIE CHILIASTIESE VERKLARING VAN OP. 20:1 - 10, 'n APOLOGETIES-EKSEGETIESE STUDIE

Werkstuk voorgelê in die vierde studiejaar vir die graad
THEOLOGIAE BACCALAUREUS
in die Fakulteit Teologie aan die
POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

deur

ABRAHAM PRETORIUS KRüGER (B.A.)

Studieleiers: Prof. dr. P.W. Buys
Prof. dr. L. Floor

POTCHEFSTROOM 1983

## VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie studie kom al die eer, dank en aanbidding aan God toe. Hy het aan my die vermoë gegee om hierdie studie aan te pak en te voltooi.

My hartlike dank aan my studieleiers, proff. P.W. Buys en L. Floor vir hulle hulp en aanmoediging.

My opregte dank en waardering aan my ouers, broers en suster vir hulle belangstelling en hulp gedurende my studiejare. Ook aan my skoonouers, swaers en skoonsusters 'n woord van dank vir hulle belangstelling.

Aan Mej. B. Duvenage my dank vir die leen van haar tikmasjien.

'n Spesiale woord van dank aan my vrou vir haar hulp en aanmoediging en ook vir die spoedige afhandeling van die tikwerk.

INHOUDSOPGAWE


INLEIDING 1

1. Objek van studie 1
2. Begrensing van die onderwerp 2
3. Werkplan 3
4. Doel van die studie 3
5. Aktualiteit van die onderwerp 4

HOOFSTUK 1: HOE MOET DIE BOEK OPENBARING VERKLAAR WORD? 5

1.1 Literêre vorm 5

1.1.1 'n Profetiese boek 5
1.1.2 'n Apokaliptiese boek 6

1.2 Interpretasie van die boek Openbaring 6

1.3 Wat sou 'n suiwere metode van interpretasie wees? 7

1.3.1 Die selfgetuienis van die boek 7
1.3.2 Die sleutel tot die verstaan van die boek 7
1.3.2.1 'n Troosboek 8
1.3.2.2 'n Koningsmanifes 8
1.3.2.3 Belofteboek 8

1.4 Simboliek in die boek Openbaring 8

1.5 Die tydsorde van die boek Openbaring 9

1.6 Hoe moet Op. 20:1 - 10 verstaan word? 10

1.6.1 Die voorafgaande 10
1.6.2 Die plek van Op. 20:1 - 10 binne die boek Openbaring 10
1.6.3 Die plek van die duisend jaar in die boek Openbaring 11

| | |
|---|---|
| HOOFSTUK 2: DIE BINDING VAN SATAN - OP. 20:1 - 3 | 13 |
| 2.1 Die chiliastiese verklaring van Op. 20:1 - 3 | 13 |
| 2.2 Evaluering | 16 |
| 2.3 Konklusies | 19 |
| HOOFSTUK 3: DIE DUISENDJARIGE REGERING VAN CHRISTUS | 21 |
| 3.1 Die chiliastiese verklaring van Op. 20:4 | 21 |
| 3.2 Evaluering | 22 |
| 3.3 Konklusies | 24 |
| HOOFSTUK 4: DIE EERSTE OPSTANDING - OP. 20:4 - 6 | 26 |
| 4.1 Die chiliastiese verklaring van Op. 20:4 - 6 | 26 |
| 4.2 Evaluering | 29 |
| 4.3 Konklusies | 31 |
| HOOFSTUK 5: LOSLATING EN OORWINNING OOR SATAN - OP. 20:7 - 10 | 32 |
| 5.1 Die chiliastiese verklaring van Op. 20:7 - 10 | 32 |
| 5.2 Evaluering | 34 |
| 5.3 Konklusies | 35 |
| HOOFSTUK 6: SAMEVATTENDE KONKLUSIES | 37 |
| BIBLIOGRAFIE | 39 |

INLEIDING

1. OBJEK VAN STUDIE

Met die geboorte van Jesus Christus het daar onder die Jode allerlei wanvoorstellings geheers oor wie en wat die beloofde Messias sou wees. Hierdie wanvoorstellings is in die Messiasverwagtinge van die Jode breed uitgewerk. Hulle het hoofsaaklik 'n aardse verlosser verwag wat hulle van hul aardse vyande sou verlos. Hulle kon Jesus nie as Messias aanvaar nie omdat Hy nie gekom het om hulle van die Romeinse oorheersing te bevry nie. Die verwagting van 'n messias het by hulle allerlei wanvoorstellings van 'n aardse ryk van heerlikheid laat ontstaan.

Die verwagting van die wederkoms van Jesus Christus het by die Christene ook tot allerlei wanvoorstellings en denkbeelde van 'n staat met aardse heerlikheid gelei. In 'n sekere sin stem die Joodse Messiasverwagting en sommige Christene se verwagting van die wederkoms van Christus ooreen. Hierdie wanvoorstellings in verband met die wederkoms van Jesus Christus word "chiliasme" of "millennialisme" genoem.

Die woord "chiliasme" is afgelei van die Griekse woord "chilioi" wat "duisend" beteken. Die woord "millennialisme" is afgelei van die Latynse woorde "mille anni" wat "duisend jaar" beteken. Chiliasme of Millenialisme is 'n leerstelling waarin 'n "Duisendjarige Vrederyk" van Christus op aarde geleer word. Die direkte aanleiding vir die gebruik van die begrip "duisend jaar" word in Openbaring 20:1 - 10 gevind waar die apostel Johannes tot ses maal die woorde "χίλια ἔτη" (duisend jaar) gebruik.

Tog is die chiliasme nie beperk tot die leer aangaande 'n "Duisendjarige Vrederyk" op aarde nie. Die chiliasme kan eerder beskryf word as 'n uitgebreide leer aangaande die voleinding. Hierdie leer kan kortliks soos volg opgesom word:

1.1 'n eerste verskyning of wederkoms van Jesus Christus waartydens

1.1.1 Hy Satan vir 'n tydperk van duisend jaar sal bind sodat hy heeltemal onskadelik sal wees;

1.1.2 'n eerste liggaamlike opstanding sal plaasvind waaraan alleen

die gelowiges deel sal hê;

1.1.3 Christus met die opgestane gelowiges om Hom vergader 'n ryk van aardse heerlikheid sal stig. Hy sal dan duisend jaar lank met die opgestane gelowiges as konings op aarde regeer;

1.1.4 'n massa-bekering en terugkeer van die Jode na Palestina sal plaasvind met Jerusalem as hoofstad.

1.2 Aan die einde van die duisend jaar hou die ryk van Christus op bestaan en sal Hy met die gelowiges na die hemel opvaar.

1.3 Daarna word Satan ontbind en kry hy vir 'n kort tydjie volkome vryespel op aarde.

1.4 Tydens hierdie kort tydjie sal hy die nasies verlei en almal wat hulle gedurende die duisend jaar nie gewillig aan die heerskappy van Christus onderwerp het nie, sal in een magtige leër saamgevoeg word wat teen die gelowiges en teen Christus sal optrek.

1.5 Dan volg die tweede wederkoms van Christus waartydens ook 'n tweede liggaamlike opstanding sal plaasvind.

1.6 Daarna sal die magtige leër van Satan vernietig word en Satan sal saam met sy volgelinge in die poel van vuur en swawel gewerp word.

Hoewel die chiliastiese voorstellings hoofsaaklik op 'n letterlike verklaring van Op. 20:1 - 10 berus, is dit nogtans nie van 'n Christelike oorsprong nie, maar vind sy wortels in die Judaïsme met hul verwagting van 'n aardse regering van Israel oor alle volke. Die chiliasme berus op 'n kompromie tussen die verwagting van 'n aardse en hemelse heerlikheid. Dit probeer om die Ou Testamentiese profesie in hierdie sin tot sy reg te laat kom, naamlik dat dit 'n aardse Messiasryk voorspel wat op 'n bestemde tyd deur 'n hemelse Godsryk vervang sal word (Bavinck, deel 4, 1930, p. 636).

## 2. BEGRENSING VAN DIE ONDERWERP

Om die hele leer van die chiliasme in 'n werkstuk van hierdie omvang te behandel, is 'n taak van onmoontlikheid. Daarom sal daar vir die doel van

hierdie studie gepoog word om die aandag te bepaal by die chiliastiese verklaring van Op. 20:1 - 10. Die chiliastiese leer soos dit uit Op. 20:1 - 10 voortvloei, sal teties uiteengesit en geëvalueer word.

## 3. WERKPLAN

Die aandag word in hierdie ondersoek bepaal by die leer aangaande die binding van Satan volgens Op. 20:1 - 3. Daarna sal aandag gegee word aan die leer aangaande die duisendjarige regering van Christus en die gelowiges op aarde (Op. 20:4). Vervolgens sal die leer aangaande die eerste opstanding (Op. 20:4 - 6) aan die orde kom waarna die aandag bepaal word by die leer aangaande die loslating en oorwinning oor Satan en die ongelowiges (Op. 20:7 - 10).

## 4. DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die ondersoek is om aan te toon dat:

4.1 die chiliastiese voorstelling van 'n "Duisendjarige Vrederyk" op aarde geen steun in Op. 20:1 - 10 vind nie;

4.2 hierdie voorstelling op 'n letterlike verklaring van Op. 20:1 - 10 berus waarin nie rekening gehou word met:

4.2.1 die apokaliptiese karakter van die boek Openbaring;

4.2.2 die plek en doel van die visioen van duisend jaar in die boek Openbaring;

4.2.3 die simboliese taal van die Openbaringboek; en

4.2.4 die tydsorde in die boek Openbaring nie.

4.3 'n Verdere doelstelling is om aan te toon wat daar wel in Op. 20:1 - 10 geleer word en dat die chiliastiese verklaring van Op. 20:1 - 10 nie kan stand hou nie.

## 5. AKTUALITEIT VAN DIE ONDERWERP

Uit die geskiedenis van die chiliasme blyk duidelik dat die verwagting van 'n "Duisendjarige Vrederyk" telkens sterk op die voorgrond tree wanneer die kerk verdruk en vervolg word. Die Heilige Skrif leer duidelik dat die kerk in die eindtyd aan geweldige vervolging blootgestel sal word. Daar kan dus aangeneem word dat die verwagting van 'n "Duisendjarige Vrederyk" op aarde sterker op die voorgrond sal tree namate die druk op die kerk toeneem.

Omdat die verwagting van 'n "Duisendjarige Vrederyk" op aarde nog lewend is onder lidmate van die drie Afrikaanse Kerke en omdat baie sektes hierdie leerstuk as deel van hulle belydenis aanvaar en verkondig, is dit nodig om in die lig van bogenoemde weer aandag te gee aan die leer van die voleinding soos dit uit Op. 20:1 - 10 voortvloei. Nie een van die drie Afrikaanse kerke het die leer aangaande die "Duisendjarige Vrederyk" in hulle be= lydenisskrifte opgeneem nie. Tydens die Generale Sinode van die Gerefor= meerde Kerk van 1933 te Pretoria het die volgende beskrywingspunt ter tafel gekom: "Die Generale Sinode word gevra om hum uit te spreek oor die kwessie van die duisendjarige ryk - Kerkraad van Pietersburg" (Acta, 1933, p. 45). Daar is aanbeveel dat die Sinode die kerkraad verwys na artikel 37 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Hierdie aanbeveling word deur die Sinode goed gekeur (Acta, 1933, p. 52). Hieruit blyk dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika die leerstuk aangaande 'n "Duisendjarige Vrederyk" op aarde implisiet verwerp het.

Tog is daar talle sektes wat hierdie leerstuk in hulle belydenisskrifte opgeneem het. So noem Müller (1936, p. 121 - 122) ongeveer 26 sektes wat hierdie leer bely en verkondig.

# HOOFSTUK 1

## HOE MOET DIE BOEK OPENBARING VERKLAAR WORD?

Die boek Openbaring besit 'n besondere karakter waarmee deeglik rekening gehou moet word. Daarom is dit nodig om aandag te gee aan die literêre vorm en interpretasie van die boek Openbaring.

By die verklaring van die boek Openbaring moet daar altyd rekening gehou word met die feit dat die boek deel vorm van die Heilige Skrif en dus deur die Heilige Gees geïnspireer is. Daarom moet die boek as deel van die Godsopenbaring gelees en in ooreenstemming met sy literêre vorm verklaar word.

### 1.1 Literêre vorm

Die boek Openbaring is na sy literêre vorm 'n profeties-apokaliptiese geskrif. By die verklaring moet daar deeglik rekening gehou word met hierdie tweeledige karakter van die boek.

#### 1.1.1 'n Profetiese boek

Die boek sluit baie nou aan by die profetiese boeke van die Ou Testament en talle aanhalings uit die Ou Testament word daarin aangetref. So bevat Op. 1:7 byvoorbeeld aanhalings uit Dan. 7:13 en Sag. 12:10. Johannes getuig ook herhaaldelik dat sy geskrif 'n "boek van profesie" is (vergelyk byvoorbeeld Op. 1:3; 10:11; 19:10; ens.). Die feit dat hy die boek as 'n profesie sien, is in ooreenstemming met die Ou Testamentiese beeld van 'n profeet. 'n Profeet is nooit 'n toekomsvoorspeller nie. Hy praat nie net oor die toekoms nie, maar wil die lig op die verlede, hede en toekoms laat val. Hy is dus met die geskiedenis van God se volk in hierdie wêreld besig. Vanuit dit wat God in die verlede gedoen het word die huidige situasie beoordeel en aangekondig wat sal gebeur as die volk hulle nie bekeer nie. Deur die openbaring van God, toon die profeet aan die volk die hand van die Here in verlede, hede en toekoms. Daarom wil die boek Openbaring, as profetiese geskrif, die geskiedenis van God se handele en die Christusregering in verlede, hede en toekoms belig en verklaar (Coetzee, s.j., p. 7).

1.1.2 'n Apokaliptiese boek

Die vorm waarin die profesie van die boek Openbaring gegiet is, stem sterk ooreen met die Joods-apokaliptiese literatuurvorm (Coetzee, s.j., p. 7). Dit het reeds in die Ou Testament as 'n besondere literêre stylvorm na vore begin tree. Vergelyk veral Eseg. 40 - 48; Sag. 9 - 14 en Dan. 7 - 12.

Tipiese trekke van die apokaliptiese literatuurvorm is onder andere die volgende:

a. die hede en toekoms word in sterk simboliese taal geteken;
b. aan sekere konkrete voorwerpe of sake word onmiskenbaar gevoelswaarde en diepere betekenis toegeken, byvoorbeeld 'n kroon is teken van gesag; 'n horing is teken van krag of mag;
c. getalle en kleure ontvang simboliese waarde:
   * 3 is die Goddelike getal;
   * 4 is die menslike of aardse getal;
   * 7 is die getal van heilige volheid
d. verborge, kriptiese beeldende spreke oor teenswoordige vorste, owerhede en koninkryke (Coetzee, s.j., p. 8).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar by die verklaring van die boek Openbaring wel deeglik rekening gehou moet word met die literêre vorm van die boek. Wie dit nie doen nie kan nie anders as om die boek Openbaring as onverstaanbaar te beskou nie.

## 1.2 Interpretasie van die boek Openbaring

By die interpretasie van die boek Openbaring, geld die goue reël vir Skrifverklaring: Sacra Scriptura sui ipsius interpres, die Heilige Skrif is sy eie verklaarder. "Wie nie bereid is om vooraf baie goed na die geskrif self te luister en daarin sy wegwysers vir die regte interpretasie van die boek te vind nie verval byna verseker in eensydige of valse verklaringsmetodes" (Coetzee, s.j., p. 9).

Deur die loop van die eeue is daar verskillende verklaringsmetodes ontwikkel waarvolgens die boek Openbaring verklaar is. Sommige van die metodes is radikaal af te wys soos byvoorbeeld die letterlike metode, omdat dit direk in stryd is met die karakter van die boek Openbaring. Volgens die letterlike metode moet die boek Openbaring letterlik verklaar word. 'n

Ander metode wat radikaal af te wys is, is die idealistiese of A-historiese metode. Volgens hierdie metode wil Openbaring net ewige waarhede oor 'n bo-tydelike stryd tussen die Goeie en die Kwade gee (Coetzee, s.j., p. 10).

Ander metodes gee 'n deel van die regte interpretasie maar laat die klem eensydig op die een of ander aspek van die boek Openbaring val. So is daar byvoorbeeld die tyd-historiese metode wat leer dat die skrywer net oor sy eie tyd praat en dat die boek gevolglik niks vir die huidige tyd te sê het nie. Dit is juis strydig met die toekomsgerigtheid van die profesie asook met die eskatologies-apokaliptiese element in die boek Openbaring (Coetzee, s.j., p. 10). Ander metodes wat 'n eensydige inter= pretasie gee, is die kerk-historiese, wêreldhistoriese- en eindhistoriese metodes (Vergelyk Coetzee, s.j., p. 11 - 12).

## 1.3 Wat sou dan 'n suiwere metode van interpretasie wees?

Om die boek Openbaring suiwer te verklaar, moet daar deeglik met die volgende rekening gehou word:

### 1.3.1 Die selfgetuienis van die boek

Omdat die Heilige Skrif sy eie verklaarder is, moet die getuienis van die boek self aantoon wat sy aard en doel is asook hoe dit verstaan wil word (Vergelyk punt 2.1.1 hierbo).

### 1.3.2 Sleutel tot die verstaan van die boek

Volgens Coetzee (s.j., p. 12) is die sleutel vir die verstaan van die boek Openbaring in die openingsgesig (Op. 1:9 - 20) te vind. Die inlei= dende beskrywing van Johannes se omstandighede in 1:9 is besonder belangrik. Hieruit blyk dat Johannes in dieselfde omstandighede as die kerk verkeer, want hy sê dat hy "julle broeder en deelgenoot" is. Johannes is dus deel en verteenwoordiger van die hele kerk. Die omstandighede waaronder die Christuskoning aan hom verskyn, is daarom "simbolies van die omstandighede van die hele kerk van Christus deur alle eeue" (Coetzee, s.j., p. 12).

Die doel van die boek volgens Op. 1:9 is om te dien as:

1.3.2.1 Troosboek

God's volk moet daaraan herinner word dat daar in hierdie bedeling 'n voortdurende konflik tussen kerk en wêreld is. Daarom sê Johannes dat hy hulle "broeder en deelgenoot in die verdrukking" is (Op. 1:9). Hierdie verdrukking strek oor die hele bestaanstyd van die ware kerk op aarde (Op. 7:14). Die Christus-Koning verskyn aan die kerk in verdrukking om haar te troos: Ek is by julle (Op. 1:13, 16, 20; Coetzee, s.j., p. 13).

1.3.2.2 Koningsmanifes

Al is Johannes 'n eensame en vergete banneling op Patmos, is hy nog "in die koninkryk" van Christus (Op. 1:9). Jesus Christus regeer ook daar waar Johannes as eensame banneling op Patmos is. Die kerk in verdrukking moet weet dat Jesus Christus regeer. "Openbaring wil dus ook Koningsboek wees wat sy kerk van alle eeue wil bemoedig met die sekerheid dat Hy regeer" (Coetzee, s.j., p. 13).

1.3.2.3 Belofteboek

Die kerk moet weet dat haar bestemming nie in die wêreld is nie. Sy het 'n groot roeping en geweldige verantwoordelikheid waarin sy moet volhard. Daarom sê Johannes dat hy "in lydsaamheid" op Patmos is. Die kerk moet vashou aan die beloftes van God. Sy bedoeling met die kerk vind sy uiteindelike en volkome verwerkliking in die ewigheid (Masselink, 1932, p. 214). As Belofteboek wil Openbaring die oë van die kerk op die dag van die wederkoms rig.

As die boek Openbaring gelees word as 'n Troosboek vir die kerk in die druk van die hede, as 'n Koningsmanifes wat alle eeue in die Christusregering wil insluit en as 'n Belofteboek wat die oë van die kerk wil rig op die wederkoms behoort die gevare van valse interpretasie vermy te kan word (Coetzee, s.j., p. 14).

## 1.4 Simboliek in die boek Openbaring

Die boek Openbaring is 'n profeties-apokaliptiese geskrif (vergelyk punt 1.1 hierbo). Dit is dus 'n spesiale soort profesie. Johannes sê in Op. 1:1 waarom hierdie apokalips gegee is, naamlik "om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur". Die Griekse woord δειξαι (om te toon), is 'n

karakteristieke woord by Johannes "to communicate a divine revelation by means of visions" (Rienecker, 1981, vol. 2, p. 465). Die woord dui dus daarop dat die taal van die boek Openbaring grotendeels visionêre taal is wat nie op 'n letterlike wyse verklaar kan word nie. Daarom moet daar rekening gehou word met die simboliese waarde van veral die getalle in die boek Openbaring. Hierdie getalle kan en mag nie letterlik verklaar word nie omdat dit strydig is met die karakter van die boek. Die getalle in Openbaring het nooit 'n letterlike betekenis nie, maar steeds "zinnebeeldige" betekenis (Veldkamp, 1979, vol. 1, p. 242).

Dit is egter nie net getalle wat simboliese waarde het nie. Die boek Openbaring het ook 'n profetiese karakter. Die taal van hierdie profesie stem met die van die Ou Testamentiese profete ooreen. Hiervolgens word die bedoeling van 'n visioen hoofsaaklik deur simbole wat aan die natuur of menslike dinge ontleen is weergegee (Masselink, 1932, p. 214). So is die see byvoorbeeld die simbool van die gode-vyandige wêreldmagte.

Dit is dus vir die suiwere verklaring van die boek uiters belangrik dat die simboliek verstaan moet word.

## 1.5 Die tydsorde van die boek Openbaring

Die boek Openbaring gee nie chronologies-historiese tydsorde nie (Masselink, 1932, p. 211). Die boek wil nie 'n presiese chronologiese voorspelling gee van dit wat in die toekoms gaan gebeur nie. Dit wil die Christus=regering deur die loop van die eeue vanuit verskillende gesigspunte belig. Daarom kan en mag die boek Openbaring nie op dieselfde wyse as 'n geskiedenis handboek gelees en gebruik word nie.

Greijdanus (1949, deel 2, p. 378) sê dat "we dit boek der Openbaring niet als een geschiedenisboek moeten willen lezen en verstaan, als een verhaal van gebeurtenissen. We moeten het symbolisch, zinnebeeldig, opvatten en verklaren. Zoo geeft het zich, zoo wil en moet het daarom verstaan en uitgelegd worden". Daar moet dus by die verklaring van die boek met sy aard rekening gehou word. Die boek is 'n profeties-apokaliptiese geskrif wat in beelde en visioene spreek. Daarom moet daar ook met die tydsorde rekening gehou word.

Die boek gee nie chronologies-histories die verloop van die kerkgeskiedenis agtereenvolgens en deurlopend van hoofstuk 1 tot 22 aan nie. Daar word meer as een maal van die intrede van die oordeelsdag gespreek waardeur die leser aan die einde van die wêreldgeskiedenis gestel word. Vergelyk byvoorbeeld Op. 11:15 - 19 met Op. 12:1 - 17. Uit Op. 11:15 - 19 blyk dat die Christus van God sal kom om te oordeel. Op. 12:1 - 17 neem die leser terug in die geskiedenis na die geboorte van Christus uit die maagd Maria.

Hieruit blyk dat die boek Openbaring nie 'n chronologies-historiese opeenvolging van tyd gee nie want die apokaliptiese orde reken "niet met den tijd maar met de eeuwigheid" (Dijk, s.j., p. 206).

1.6 <u>Hoe moet Op. 20:1 - 10 verstaan word?</u>

By die verklaring van Op. 20:1 - 10 moet daar met die volgende rekening gehou word:

1.6.1 Die voorafgaande

Dit wat onder punt 1.3 hierbo behandel is.

1.6.2 Die plek van Op. 20:1 - 10 binne die boek Openbaring

Daar moet veral op die struktuur van Op. 19:11 - 20:15 gelet word. In hierdie gedeelte gaan dit oor die Dag van die Here. Van der Waal (1981, p. 7) dui die struktuur van hierdie gedeelte soos volg aan:

* 19:11 - 15 - die Christus-Koning kom en oordeel die dier en die valse profeet - voorbereiding van die Dag van die Here.
* 20:1 - 10 - die eerste opstanding en gerig oor Satan - verloop van die Dag van die Here.
* 20:11 - 15 - die tweede dood as gerig - afsluiting van die Dag van die Here.

In Op. 20:1 - 10 gaan dit dus oor die verloop van die Dag van die Here wanneer Hy sy vyand, die Satan, oordeel. Die oordeel oor Satan word in die boek Openbaring in drie fases weergegee (Van der Waal, 1981, p. 340):

FASE 1: Satan word uit die hemel op die aarde neergewerp (Op. 12).
FASE 2: Satan word in die afgrond gewerp (Op. 20:1 - 2).
FASE 3: Satan word in die poel van vuur en swawel gewerp (Op. 20:10).

Elke oordeelsfase word vooraf gegaan deur die optrede van Satan waardeur hy oordeelsryp gemaak word. Hy word nie sonder rede gevonnis nie. Volgens die boek Openbaring, gaan die volgende aan elke oordeelsfase vooraf (Van der Waal, 1981, p. 340):

FASE 1a: die bedreiging van die vrou en haar Kind(Op. 12:4).

FASE 2a: vervolging van die orige van die vrou se saad en die optrede van die twee wilde diere van Op. 13 (vergelyk ook hoofstukke 17 en 18).

FASE 3a: pogings om die stad van God, die leër van die heiliges in te neem (Op. 20:7 - 10).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat Op. 20:1 - 10 'n besondere plek in die boek Openbaring inneem. Alles werk mee na die groot Dag van die Here wanneer Hy sy vyande totaal sal vernietig.

1.6.3 Die plek van die duisend jaar in die boek Openbaring

In hierdie visioen staan die heerlikheid van Christus sentraal. Dit is Hy wat Satan oorwin het, want "vuur het uit die hemel van God neergedaal en hulle verslind" (Op. 20:9). Die millenium beweeg dus nie rondom die wat met Christus regeer nie maar alleen om Christus wat Satan oorwin het (Dijk, s.j., p. 199).

Dit is volkome in ooreenstemming met die hele boek Openbaring. In die boek gaan dit om die heerskappy van die Christus-Koning oor alle dinge. Dit blyk byvoorbeeld uit die sewe briewe aan die gemeentes in Klein-Asië (Op. 2 en 3). Aan die einde van elke brief is 'n belofte: "Wie oorwin ...." Hierdie belofte gaan reeds by die sterwe van die gelowiges in vervulling - byvoorbeeld die brief aan Smirna (Op. 2:10). Die dood ontsluit vir die oorwinnaars die heerskappy met Christus (Op. 2:26; 3:21; Dijk, s.j., p. 200). Die gestorwe oorwinnaars sal dus aan die oorwinning van Christus deel hê. Dit sluit by Op. 20:4 aan. Wat Christus aan Johannes in die sewe briewe openbaar, word bevestig in die visioen van die duisendjarige regering.

Op. 19:11 - 21 beskryf die koms van Christus vir die laaste oordeel. Hy trek tot die eindgerig uit. Die Seun van God het sy ereplek aan die regter=hand van die Vader verlaat. Die einde het aangebreek en dit is die tyd

van die oordeel (Kuyper, 1931, p. 320). Hierna volg die visioen van die duisend jaar waarmee in die tyd teruggegryp word. Daar word gewys op die oordeel oor Satan deur alle eeue heen wat op sy verderf uitloop. Daarna word die ou hemel en aarde deur die nuwe vervang (Dijk, s.j., p. 204).

Op. 20:1 - 10 belig die wêreldgeskiedenis vanuit 'n ander gesigspunt en volg nie chronologies op Op 19:11 - 21 nie. Indien die duisendjarige binding van Satan 'n letterlike tydperk van duisend jaar aan die einde van die wêreldgeskiedenis is, sal dit impliseer dat Satan deur die eeue kon doen wat hy wil.

Die visioen van die duisend jaar deurloop die eeue vanaf die begin van die huidige bedeling tot aan die einde van die tyd. Dit wil die Christus=regering deur alle eeue en oor alle dinge beskryf, ter bemoediging en vermaning van die kerk om in alles getrou te bly en te volhard tot die einde.

# HOOFSTUK 2

## DIE BINDING VAN SATAN - OP. 20:1 - 3

In hierdie hoofstuk word die aandag eerstens bepaal by die chiliastiese verklaring van Op. 20:1 - 3. Tweedens word hierdie verklaring geëvalueer om vas te stel of dit 'n suiwere verklaring van Op. 20:1 - 3 is.

### 2.1 Die chiliastiese verklaring van Op. 20:1 - 3

Op grond van Op. 20:1 - 3 leer die chiliaste dat Satan vir 'n tydperk van duisend jaar absoluut onmagtig sal wees om sy invloed op aarde te laat geld. Sy aanvalle hou gedurende die periode heeltemal op. Dan is sy "verklagen" en "verleiden" van die kinders van God verby (Du Toit, 1896, p. 221). Met die binding van Satan sal die lug van die bose gesuiwer word. Hoewel die sonde nog nie volkome weggeneem is nie, sal daar tog geen universele mag meer wees om die mense te verlei nie. Gedurende die huidige bedeling regeer die Satan in die kinders van die ongehoorsaamheid (2 Kor. 4:4). In die toekomstige bedeling sal Christus regeer in en met sy heiliges.

Hierdie toekomstige bedeling neem 'n aanvang met die binding van Satan deur "'n engel uit die hemel" (Op. 20:1). Hierdie engel is die aardsengel Migael wat reeds die eerste gerig oor Satan uitgeoefen het deur hom op die aarde neer te werp (Op. 12:7). Noudat Christus se ryk op aarde in sy voorlopige stadium gevestig word, word Satan ook van die aarde verban en dit is voor die hand liggend dat Migael hom ook nou in sy voorlopige gevangenis werp (Du Toit, 1896, p. 250; Du Toit, s.j., p. 275).

Die engel Migael het 'n "groot ketting in sy hand" (Op. 20:1). Dit is 'n werklike ketting wat groot en sterk genoeg is om Satan te bind. Waarvan die ketting gemaak is, word nie gesê nie, maar dit sal 'n "groot" ketting wees (Op. 20:1) om aan te toon dat daardie "geestelike ketting" (Du Toit, s.j., p. 375) sterk genoeg gesmee sal wees om die werk te doen waarvoor God dit bestem het.

Die engel het ook die "sleutel van die afgrond" in sy hand (Op. 20:1). Die "sleutel van die afgrond" is slegs tydelik aan die engel gegee. Die "afgrond" is die verblyfplek van die bose geeste waarin hulle gedurende Christus se aardse heerskappy ingekerker word en waaruit hulle daarna ontbind

word (Du Toit, 1896, p. 104). Die afgrond is nie die doderyk of hel nie maar 'n afdeling dieper as die doderyk (Du Toit, s.j., p. 375). Dit is 'n soort voor-hel, 'n gevangenis waarin die duiwels vir die finale oordeel bewaar word (Seiss, s.j., p. 270).

Satan word deur hierdie engel gegryp en vir duisend jaar lank gebind (Op. 20:2). Die engel kan Satan alleen bind omdat Christus die oorwinning op Golgota behaal het. Christus se oorwinning is ewig, maar die oorwinning van die engel oor Satan is slegs tydelik en wel vir duisend jaar (De Heer, s.j., p. 52). Die binding van Satan is dus iets heel anders as die oorwinning van Christus op Golgota. Aan die kruis is Satan in beginsel gebind, maar in werklikheid word hy eers by die wederkoms van Christus volkome gebind (Oosthuizen, 1961, p. 59).

As Christus vanuit die hemel kom om sy koningskap op aarde te aanvaar, word Satan verder in sy beweging gestrem. Hy sal gedurende die duisend jaar hom nóg in die hemel, nóg op die aarde kan beweeg, want Christus sal soos nooit tevore nie sy invloed op aarde vanuit 'n geopende hemel laat geld (Du Toit, s.j., p. 378).

Die regering van Christus vanuit 'n geopende hemel duur slegs duisend jaar. Volgens Du Toit (s.j., p. 378) is daar hoegenaamd geen aanduiding dat hierdie getal figuurlik verstaan moet word nie. By die verklaring van hierdie getal duisend moet daar van die ses dae van werk en een dag van rus by die skepping uitgegaan word. So het daar reeds in die week van sewe dae 'n profesie gelê van wat God ook in duisende van jare doen. Soos daar ses dae van arbeid en stryd vir die mens is waarop 'n sewende dag van rus volg, so sal daar vir die wêreld ses duisend jaar van arbeid en stryd wees waarop 'n duisend jaar van rus volg (Du Toit, 1896, p. 251 - 253; Du Toit, s.j., p. 379).

Die wêreld sal dus duisend jaar lank rus van die verleier en vervolger. Juis omdat Satan nie daar is nie, sal dit makliker wees om tot bekering te kom (2 Petr. 3:9) uit daardie verharde geslag wat die aarde voor die wederkoms van Christus bewoon het. Petrus praat van 'n afvallige geslag (2 Petr. 2) en dan gebruik hy juis daardie uitdrukking van "duisend jaar" wat soos "een dag" is (2 Petr. 3:8) in verband met die moontlikheid van bekering vlak voor die "dag van die Here wat sal kom soos 'n dief in die nag waarin die hemel met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand

en verbygaan en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand" (2 Petr. 3:10). Dit sal immers met die laaste oordeel gebeur en nie met die wederkoms van Christus "aan die einde van ons bedeling" nie (Du Toit, s.j., p. 379). 2 Petr. 3:8 bied dus geen steun vir 'n figuurlike of simboliese verklaring van Op. 20:2 nie maar bevestig die letterlike opvatting daarvan (Du Toit, s.j., p. 379).

Die einde van die sesduisend jaar van stryd vir die wêreld kan nie bepaal word nie omdat die "bijbelsche tijdrekenkunde zoo onzeker" is (Du Toit, 1896, p. 253).

In Op. 20:3 word die doel van die binding van Satan gestel. Omdat Satan in die afgrond gewerp is en dit bo hom verseël is, sal hy nie slegs in sy werk gedwarsboom wees nie, maar hy sal geen invloed op die aarde kan uit= oefen nie. Hy is immers in die afgrond gewerp "sodat hy die nasies nie meer sou verlei nie" (Op. 20:3). By die kruis en opstanding van Christus is Satan nie gebind nie, want hy laat juis sy invloed deeglik geld. Petrus sê dat hy rondloop "soos 'n brullende leeu" (1 Petr. 5:8). Hy gaan dus met sy verleiding voort wat met die aanvang van die "Duisendjarige Vrederyk" ten einde loop.

Met die begin van hierdie bedeling is Satan "soos 'n bliksem uit die hemel gewerp" (Luk. 10:18). Hy spits hom nou met alle ywer op die aarde toe en daarom kan daar nie van 'n "Duisendjarige Vrederyk" in hierdie bedeling sprake wees nie. Die "troon van Satan" word dan op die aarde gevind, naamlik te Pergamus (Op. 2:13).

Die hele wêreld lê nog in die "mag van die bose" (1 Joh. 5:19) en word beheers deur die "wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, die bose geeste in die lug" (Ef. 6:12). Nêrens is die geringste aanduiding dat die siele van die gestorwe heiliges die wêreld nou beheers nie (Engelbrecht, s.j., p. 5). Na die opstanding van Christus is die wêreld sterker en vaster as ooit tevore aan die bose mag gebind.

Christus het die Satan nog nie van die aarde verban nie, maar Hy het die "sterk man" (Satan) eers geboei om sy "huis te beroof" (Matt. 12:29). Daarom kan daar in hierdie bedeling aldus Oosthuizen (1961, p. 60) nog "siele gered word uit die bose". Die berowing van Satan sal opgevolg word deur die uitwerping van die "sterk man uit sy huis" (Matt. 12:20), wanneer Satan in die afgrond gewerp en toegesluit word(Op. 20:3).

Met die binding van Satan, sal hy heeltemal skadeloos gestel word. Hy sal die nasies nie meer kan verlei nie. Daarvan is in die huidige bedeling geen sprake nie. As Satan nou reeds gebind is, waarom word die gelowiges dan gewaarsku om aan die "duiwel geen plek" te gee nie (Ef. 4:27)? Hoe kan 'n gebonde vyande hom telkens verander in 'n "engel van die lig" (1 Kor. 11:14)? Uit die huidige bedeling is dit duidelik dat die Satan nog nie gebind is nie. Hy is nog besig om sy verleidingswerk van dag tot dag voort te sit. Hy is nog besig om "die nasies te verlei" (Op. 20:8). Die binding van Satan, die algehele inperking van sy mag, lê dus nog in die toekoms.

## 2.2 Evaluering

In Op. 20:1 - 3 beskryf Johannes nie 'n historiese gebeurtenis nie, maar dit wat hy in 'n visioen gesien het. Daarom is 'n letterlike verklaring in stryd met die teks. Hierdie gedeelte moet dus simbolies verklaar word aangesien die boek Openbaring in ooreenstemming met sy apokaliptiese karakter nie met die tyd maar met die ewigheid reken (Dijk, s.j., p. 206).

Die eerste belangrike vraag wat beantwoord moet word is: wie is die engel? Dijk (s.j., p. 208) sê dat die engel niemand anders as Jesus Christus self is nie. Hy word meer male in die boek Openbaring as 'n engel aangedui (vergelyk Op. 7:2; 8:3; 10:1). Christus is die gesant van God wat sy wil volbring. Hy het die sleutel van die afgrond (Op. 1:18). Hy word deur God uit die hemel gestuur om Satan te bind. Die engel (Jesus) wat uit die hemel neerdaal, dui dus op die eerste koms van Christus. God wil met ander woorde hier aantoon dat Hy oor Satan triomfeer en die oorwinning behaal Hy deur sy Seun (Dijk, s.j., p. 208).

Daar is egter ook teoloë wat sê dat die engel nie op Jesus Christus dui nie (Hoeksema, 1974, p. 641; Morris, 1979, p. 235; Van der Waal, 1981, p. 342). Hierdie engel kan dan 'n spesiale gesant van God wees wat deur Hom met mag beklee is om Satan te bind. Hy tree op deur middel van sy engele (Lenski, s.j., p. 567). Die chiliaste moet dus op hierdie punt gelyk gegee word as hulle sê dat die engel op die aardsengel Migael kan dui (vergelyk punt 2.1 hierbo).

Hierdie engel het die "sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand". Hierdie sleutel en ketting moet ook simbolies verklaar word. Die

sleutel dui dan op die mag van die engel om die afgrond oop en toe te sluit, terwyl die ketting op die mag van die engel dui om Satan te bind. Ook hierin kan die chiliaste gelyk gegee word as hulle sê dat hier nie van 'n ketting bestaande uit aardse metale sprake is nie. Du Toit (s.j., p. 375) sê immers self dat hier van 'n "geestelike ketting" gepraat word.

Die afgrond waarin Satan gewerp word, is 'n diep put met 'n deksel wat oop en toe gemaak (Op. 9:1 - 2) en selfs verseël (Op. 20:3) kan word. Die afgrond is die tydelike verblyfplek van die duiwels wat later verwissel word met die poel van vuur en swawel (Booyens, 1977, p. 333; Dijk, s.j., p. 209; Charles, 1980, vol. 2, p. 141). Hierin moet die chiliaste weereens gelyk gegee word (vergelyk punt 2.1 hierbo).

Die tweede belangrike vraag wat beantwoord moet word, is die vraag na die duisend jaar waarvan hier gepraat word. Kan dit letterlik verstaan word of moet dit simbolies verklaar word? Die getalle in die boek Openbaring kan nie letterlik verklaar word nie aangesien dit in stryd is met die apokaliptiese karakter van die boek. Die getalle dui altyd op meer as 'n blote getal (Lenski, s.j., p. 573). Die getalle in die Heilige Skrif vorm 'n "wondere evenredigheid" (Dijk, 1952, p. 52). Die grondgetalle twee, drie en sewe kom dikwels in die Skrif voor en hier kom ook die getal tien na vore. Die harmonie van die getalle verkondig die harmonie en orde in die werk van God. Alles wat Hy doen, is vol van heilige rus en heerlike vrede. By Hom is daar geen verwarring en wanorde te bespeur nie.

Die getal duisend in Op. 20:1 - 10 spreek van die orde in die regering van Christus. Die duisend jaar is 'n "ideale" periode en dui op 'n lang tyd. Dit staan in kontras met die korter periodes van lyding. Die getal duisend kan soos volg verklaar word: duisend is gelyk aan tien maal tien maal tien en druk volkomenheid uit. Die getal tien word tot die derde mag verhef om daardeur die volkomenheid van Christus se regering aan te dui. Duisend word vandag nog gebruik om aan te dui dat iemand alles in sy vermoë gedoen het om byvoorbeeld iemand anders te oortuig. Dit kom duidelik uit in die uitdrukking: "Ek het jou dit al duisend maal gesê" (Dijk, s.j., p. 220; Morris, 1979, p. 235).

Die getal duisend druk verder ook iets tydeliks uit. Die duisendjarige regering sal tot 'n einde kom. Die Satan sal nie daaraan 'n einde maak nie, maar dit sal eindig omdat Christus die koninkryk aan God die Vader sal oorgee sodat God alles in almal sal wees (Dijk, s.j., p. 220).

Die koningskap van Christus loop dus uit op die volkome heerskappy van God oor die nuwe aarde.

Die chiliastiese verklaring van die duisend jaar as 'n periode wat letterlik duisend jaar sal duur, kan nie gehandhaaf word nie, want dit hou nie rekening met die feit dat Op. 20:1 - 10 'n visioen is wat in simboliese taal oor die verloop van die wêreldgeskiedenis praat nie. Dit hou ook nie rekening met die simboliese karakter van die getalle in die Heilige Skrif nie.

Die derde belangrike vraag wat beantwoord moet word, raak die doel van die binding van Satan soos Op. 20:3 dit stel. Sal Satan gedurende hierdie tydperk van duisend jaar absoluut onmagtig wees om enige invloed op die wêreld uit te oefen, of sal hy net in een opsig gebind wees? Veldkamp (1979, p. 243) sê dat daar nêrens in die Skrif sprake is van 'n algehele onmag van Satan gedurende die duisend jaar nie. Die binding is dus slegs gedeeltelik met 'n bepaalde en spesiale doel, naamlik "sodat hy die nasies nie meer sou verlei nie" (Op. 20:3).

Volgens Masselink (1932, p. 219) is Satan in 'n tweevoudige sin gebind. Eerstens in 'n relatiewe sin. Dit beteken dat hy ten opsigte van die nasies volkome gebind is. In die Ou Testamentiese tyd is die nasies in onderskeiding van Israel as volk van God deur Satan verlei. Die saligheid was partikularisties. Met Christus se sterwe en opstanding word 'n nuwe tyd ingelei. Satan word deur Jesus tydens sy aardse bediening verslaan. Die volle triomf oor die duiwel word in Christus se dood en opstanding bereik. 'n Direkte gevolg daarvan is die bevel tot kerstening van die wêreld (Matt. 28:18 - 20). Die koninkryk van God sal in die harte van mense opgerig word. Hierdie koninkryk word gestig deur middel van die verkondiging van die Evangelie. Die onderdane van die koninkryk word ver=samel uit elke volk, nasie en taal. Satan word gebind deurdat hy die uitbrei=ding van God se koninkryk oor die hele wêreld nie kan verhinder nie (Masselink, 1932, p. 219 - 220).

Hendriksen (1977, p. 169 - 170) sluit ook hierby aan. Volgens hom is Op. 20:3 reeds by die geboorte van Christus vervul. Die binding van Satan het reeds begin toe Jesus oor hom met die versoekings in die woestyn getriom=feer het (Matt. 4:1 - 11). As gevolg hiervan begin Jesus duiwels uitdryf. Die mag en invloed van Satan oor die misleide menigtes begin afneem.

Lukas 10:17, 18 verbind die sendingaktiwiteit van die dissipels met die val van Satan uit die hemel. By 'n ander geleentheid wou die Grieke Jesus graag sien, waarop Hy opgemerk het: "Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word. En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal hulle na My toe trek" (Joh. 12:31 - 32). Die woord wat hier gebruik word vir "buitentoe dryf" (ἐκβληθήσεται ) kom van 'n werkwoord wat in die oorspronklike dieselfde wortel het as die woord wat in Op. 20:3 vertaal word met "werp" of "in die afgrond gooi", naamlik βάλλειν Volgens Joh. 12:20 - 32 word die "buitentoe dryf" van Satan verbind met die feit dat nie alleen Jode nie, maar ook Grieke, dus alle mense, na Christus getrek sal word (Hendriksen, 1977, p. 170).

Tweedens is Satan in 'n absolute sin gebind (Masselink, 1932, p. 220). Dit beteken dat Satan ten opsigte van die verheerlikte heiliges in absolute sin gebind is. Hy kan hulle vrede en volmaakte rus nie langer versteur nie.

Op. 20:1 - 3 dui dus aan dat Satan se invloed op aarde dwarsdeur die huidige bedeling wat met die eerste koms van Christus begin het en voortduur tot sy wederkoms, beperk is sodat hy nie die uitbreiding van die evangelie onder die nasies kan verhinder nie. Hy word daarvan weerhou om die godevyandige nasies te versamel om sodoende die kerk as magtige sendinginstelling te vernietig. Daartoe sal hy juis aan die einde van die tyd losgelaat word (Op. 20: 7 - 10). Satan sal ontbind word sodat die mag en koningskap van Christus duidelik sigbaar kan word (Dijk, s.j., p. 230).

## 2.3 Konklusies

2.3.1 Sommige aspekte van die chiliastiese verklaring van Op. 20:1 - 3 is nie sonder meer te verwerp nie. Vergelyk byvoorbeeld punt 2.2 hierbo.

2.3.2 Wat die verklaring van die duisend jaar en die doel waartoe Satan gebind is aangaan, kan daar nie met die chiliastiese verklaring saam gegaan word nie omdat dit 'n letterlike verklaring is wat in stryd is met die apokaliptiese karakter van die boek Openbaring.

2.3.3 By die verklaring van Op. 20:1 - 3 maak die chiliaste hulle aan inkonsekwentheid skuldig. Hulle verklaar die "sleutel van die

afgrond en die groot ketting" in die hand van die engel (Op. 20:1) figuurlik of simbolies, terwyl die res van die perikoop weer letterlik verklaar word.

2.3.4 Die chiliastiese verklaring van Op. 20:1 - 3 hou ook nie rekening daarmee dat die apokalips geen chronologiese tydsrekening gebruik nie. As gevolg daarvan word die duisend jaar waarvan Op. 20 praat as 'n letterlike tydperk van duisend jaar aan die einde van die tyd gesien. Die chiliaste het nie 'n oog vir die feit dat die apokalips telkens die wêreldgeskiedenis van begin tot einde vanuit verskillende gesigspunte belig nie.

# HOOFSTUK 3

## DIE DUISENDJARIGE REGERING VAN CHRISTUS

In hierdie hoofstuk word die aandag bepaal by die regering van Christus en die gestorwe heiliges gedurende die duisend jaar. Hier sal aandag gegee word aan die Koningskap van Christus, wie saam met Hom regeer en waar hulle regeer. Daarna sal die chiliastiese standpunt geëvalueer word om vas te stel of dit as suiwere verklaring van veral Op. 20:4 kan stand hou.

### 3.1 Die chiliastiese verklaring van Op. 20:4

Tydens die tydperk van duisend jaar wat Satan absoluut gebind sal wees, sal Christus soos nooit tevore nie sy invloed op aarde vanuit 'n geopende hemel laat geld (Du Toit, s.j. p. 278). Hierdie "Duisendjarige Vrederyk" van Christus op aarde sal met die oordeel oor sy vyande begin (Jes. 11:4). Tydens hierdie periode sal Jesus op aarde Koning wees. Gedurende sy omwandelinge op aarde was Hy Profeet wat vir die waarheid getuig het (Joh. 18:37). Met sy hemelvaart was Hy Hoëpriester (Hebr. 8:1; Oosthuizen, 1961, p. 77). Sy profetiese amp is dus reeds uitgeoefen terwyl Hy nou besig is om sy priesterlike amp uit te oefen deur as Voorspraak vir die gelowiges by die Vader op te tree. Maar as Koning is Hy nog nie bevestig nie. Met sy hemelvaart is Hy as Hoof van die Kerk bevestig (H.K. vraag en antwoord 50). Daar word egter nooit van Christus as Koning van die kerk gepraat nie (Oosthuizen, 1961, p. 77).

Die feit dat Jesus aan die regterhand van sy Vader sit, stel dit in sim= boliese taal duidelik dat Hy nog as Koning op sy eie troon moet gaan sit. Dit sal eers gedurende die "Duisendjarige Vrederyk" gebeur. Hy is tans nog die Koning wat in 'n ver land op reis is (Luk. 19). Maar Hy sal na sy land terugkeer om die koningskap te aanvaar.

Dit sal eers gebeur as Hy sy Hoëpriesterlike taak waarmee Hy tans besig is, afgehandel het. Christus het egter nou reeds deel aan die Koninklike mag van God, maar slegs die kerk erken dit. Hy bewaar sy kerk in die Satansryk as vreemde burgers van 'n vreemde ryk omdat alles nog onder sy heerskappy is. Eers as die "klip sonder toedoen van mensehande" losgeraak het (Dan. 2:34), sal Christus se ryk in die plek van die Satansryk kom.

Volgens Oosthuizen (1961, p. 79) moet daar 'n duidelike onderskeid getref word tussen die koninkryk van genade waarin Christus nou reeds as Koning van die gelowiges optree en die koninkryk van mag. Laasgenoemde is die optrede van Christus teenoor ongelowige nasies en dit sal in die "Duisendjarige Vrederyk" tot openbaring kom.

Wie sal saam met Christus regeer? Die martelare wat oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God onthoof is (Op. 20:4). Hulle het voor en tydens die optrede van die Antichris geleef. "Hulle het geleef en as konings regeer"(Op. 20:4). Hulle het, met ander woorde, weer lewendig geword presies volgens wat Johannes in Op. 2:8 sê (Du Toit, s.j., p. 387). Johannes sê dus dat daardie mense wat dood was na die liggaam net soos Christus weer lewendig geword het na die liggaam net soos Christus ook uit die dood opgestaan het. Hulle siel en liggaam was geskei, maar is weer verenig.

Uit die gebruik van die woord "siel" in die Skrif is dit duidelik dat "siel" die hele persoon aandui (vergelyk byvoorbeeld Gen. 2:7; 46:27; Hand. 2:41; 7:14; 1 Petr. 3:20). Daar kan aan die woord "siel" geen ander betekenis geheg word as dat dit op die hele mens dui nie. Dit waarvan hierdie siele deur hulle martelaarskap beroof is, naamlik hulle liggame, het hulle weer ontvang. Daarom sê Johannes dat hulle geleef het (Op. 20:4).

Gedurende die duisend jaar sal die "siele" deel hê aan die regering van Christus. Onder leiding van Christus sal hulle regspraak oor die aarde uitoefen (Op. 20:4; Luk. 19:17, 19). Die plek waar hierdie regering sal plaasvind sal op die aarde wees. Die gelowiges sal min of meer in die= selfde verhouding tot die aarde verkeer as wat die geval met Jesus gedurende die veertig dae tussen opstanding en hemelvaart was. Daarom sal die gelowiges, nou met verheerlikte liggame, slegs op aarde verskyn wanneer hulle diens daar nodig is. Hulle eintlike verblyfplek sal dus nog in die hemel wees (Oosthuizen, 1961, p. 80). Johannes sê immers dat hulle trone in die hemel is (Op. 20:4).

## 3.2 Evaluering

By die verklaring van hierdie deel moet daarmee rekening gehou word dat dit gaan om die heerlikheid van Jesus Christus wat wel op die aarde sy mag uitoefen, maar tog in die hemel regeer en daar aan die regterhand van die

Vader sit. Hy voer die wil van die Vader uit, want die Vader regeer deur Hom (Veldkamp, 1979, p. 244). Hy is Koning oor alle dinge en daarom ook Koning van die kerk. Die kerk is die koninkryk van sy genade. Hier is sy onderdane gehoorsaam omdat hulle dit wil wees. Christus regeer ook oor die wêreld. Dit is die koninkryk van sy mag. Hier is die mens gehoor=saam omdat hulle nie anders kan nie. Hy is dus eerste Koning van die kerk, maar ook Koning van die wêreld (Veldkamp, 1979, p. 244). Die koninkryk van genade kan wel van die koninkryk van mag onderskei, maar nooit geskei word nie.

Jesus Christus is reeds Koning en sy koningskap is 'n ewige Koningskap (Luk. 1:32 - 33). As Koning het Hy in die graf ingegaan en Satan in sy eie ryk oorwin. As Koning het Hy opgestaan en opgevaar na die hemel. Sy profetiese, priesterlike en koninklike ampte kan wel van mekaar onderskei, maar nooit geskei word nie. Hy voer steeds sy profetiese amp uit deurdat Hy deur die Heilige Gees vir die waarheid getuig (Joh. 14:26; 16:13). Hy voer sy priesterlike amp uit deur vir die gelowiges in te tree by die Vader (Rom. 8:34). Hy is van ewigheid af Koning en sal Koning wees tot in ewigheid (Matt. 28:18; vergelyk H.K. Sondag 12).

Paulus getuig in die briewe aan die Efesiërs en Kolossense dat Christus oor alle magte en kragte heerskappy voer. Alles in die hemel en op aarde is deur en tot Hom geskape en alle dinge hou in Hom stand (Kol. 1:16 - 17; Ef. 1:21 - 22). Hy tree tydens sy omwandelinge koninklik op in die versoeking deur Satan (Matt. 4). Hy heers koninklik oor die gevolge van die sonde in die lewe van mense: Hy genees siekes, laat blindes sien, dryf duiwels uit en rig dooies op (Matt. 11:5). Daarom kan daar nie beweer word dat Christus nog nie Koning is nie. Sy koninklike amp is net so 'n werklikheid as sy profetiese en priesterlike ampte.

Op die vraag wie saam met Christus regeer, gee Johannes baie duidelik die antwoord in Op. 20:4. Hy verplaas die leser in die hemel waar hy trone sien. Dit dui op setels tot uitoefening van koninklike heerskappy en regspraak. Hy sien trone (meervoud) en dit dui op die onbeperktheid van die magsuitoefening. Johannes sê nie wie op die trone sit nie en laat die klem nie op persone val nie, maar op die voorreg van hulle regering (Dijk, s.j., p. 232).

Johannes sien wel wie hierdie regeerders saam met Christus is, naamlik "die siele van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus Christus en

oor die woord van God" (Op. 20:4). Die woord "siele" is die versamelnaam vir almal wat met Christus mag regeer. Die doel van die visioen is om die verhoging en mag van elke martelaar en getroue gelowige aan te dui as sy siel in die hemel kom (Lenski, s.j., p. 581). Die siele leef, hulle het die ζωη - die ware lewe. Die getroues het die lewe ontvang terwyl hulle op aarde in die liggaam was. Hulle siele het deur die liggaamlike dood heengegaan en in die hemel gekom met hierdie lewe. Hier word niks van liggame gesê nie omdat hulle liggame in die aardse grafte rus. Hier word ook nie van herlewe of weer lewe (ἀναζάω) gepraat nie.

Die Griekse woord ἀναζάω word in die Nuwe Testament altyd gebruik vir die mens in die toestand van liggaam en siel. Dit word nooit gebruik vir die siel as "disembodied entity" nie (Lenski, s.j., p. 582). Lenski (s.j., p. 583) sê tereg: "when each martyr's and each confessor's soul enters heaven it joins Christ and all his kings in the kingly rule". Al die siele van die getroue gelowiges regeer saam met Christus.

Dit is waar dat die Bybel soms deur die woord "siel" die hele mens aandui. Tog voeg Johannes hier in Op. 20:4 'n kwalifikasie by die woord "siele", naamlik "die siele van die wat onthoof is". Daarmee dui hy aan dat hy van siele sonder liggame praat. Hulle is immers onthoof en hul liggame rus in die graf.

Die onthoofde siele en getroue gelowiges regeer saam met Christus in die hemel. Hulle is immers waar die trone is en die troon van Christus en sy volk is in die hemel (Op. 1:4; 3:21; 4:2 - 6; Hendriksen, 1977, p. 174; Morris, 1979, p. 236). Die siele is waar Jesus leef. Volgens die Apo=kalips word die Lam voorgestel as lewend in die hemel (Op. 5:13).

### 3.3 Konklusies

3.3.1 Die verklaring van die chiliaste aangaande die koningskap van Christus kan nie stand hou nie. Hulle skei die priesterlike, profetiese en koninklike ampte van Christus terwyl die Skrif self dit slegs onderskei maar nooit van mekaar skei nie.

3.3.2 Die chiliastiese verklaring van die siele wat saam met Christus regeer, berus op 'n eensydige eksegese van die woord "siel" terwyl die Griekse woorde vir lewe (ζωη) en herlewe of weer leef

(ἀναζάω) nie duidelik van mekaar onderskei word nie.

3.3.3 Die chiliaste laat die klem te veel op die heerskappy van die getroue gelowiges val. Hulle hou dus nie deeglik met die tema van Op. 20:1 - 10 rekening nie. Die gedeelte wil juis die lig laat val op die regering van die Christus-Koning oor alle dinge. Die feit dat die getroue gelowiges daaraan deel het, is as gevolg van Christus se sterwe en opstanding ter wille van die gelowiges. Hulle verkry deel aan die regering met Christus as genadegawe van Hom.

3.3.4 Die chiliastiese verklaring van die plek waar die gelowiges regeer, berus op 'n verkeerde eksegese van Op. 20:4.

3.3.5 Die chiliastiese verklaring van Op. 20:4 kan dus nie stand hou as suiwere verklaring van die Heilige Skrif nie.

## HOOFSTUK 4

## DIE EERSTE OPSTANDING - OP. 20:4 - 6

In hierdie hoofstuk word die aandag bepaal by die leer van die opstanding soos dit in Op. 20:4 - 6 voorkom. Die chiliastiese leer aangaande die opstanding sal eerstens gestel word, waarna dit geëvalueer sal word om vas te stel of dit as suiwere verklaring van Op. 20:4 - 6 kan deurgaan.

### 4.1 Die chiliastiese verklaring

Op. 20:4 - 6 leer twee vleeslike opstandings uit die dode wat deur 'n tydperk van duisend jaar van mekaar geskei word (Oosthuizen, 1961, p. 51). Die eerste opstanding kan onmoontlik 'n geestelike opstanding wees wat by bekering plaasvind. Johannes skryf immers aan gelowiges. Daarom kan hier net van 'n liggaamlike opstanding sprake wees. Hy noem die mense "salig" en "heilig" (Op. 20:6). Hulle is martelare wat oor die getuienis van Jesus en oor die Woord van God onthoof is (Op. 20:4). Hulle is dus getroue heiliges wat voor en tydens die optrede van die antichris geleef het.

Johannes sê dat hulle geleef en as konings regeer het (Op. 20:4). Daardie mense wat dood was na die liggaam, net soos Jesus dood was, het weer lewendig geword net soos Jesus na die liggaam lewendig geword het (Du Toit, s.j., p. 387). Dit wat deur die dood van hulle weg geneem is, naamlik hulle liggame word by die eerste opstanding aan hulle terug gegee. Hier is geen sprake van 'n geestelike dood of geestelike opstanding nie. Hierdie "weer lewendig word" (Op. 20:4), is die eerste opstanding.

Johannes sê dat hy "siele" gesien het (Op. 20:4). Hierdie "siele" dui op lewendige mense, want die Skrif dui dikwels mense met hierdie woord aan (Gen. 2:7; Hand. 27:37). Die siele wat Johannes hier in Op. 20:4 sien, moet dus lewendige mense wees. Mense met dieslefde liggame wat voorheen dood was. Daar is 'n opstanding van liggame van dooie mense, maar nie 'n opstanding van siele van dooie mense nie. Die martelare wat dood was, het weer met hulle liggame opgestaan. Dit is die enigste opstanding waartoe hulle in staat is. 'n Geestelike opstanding is uitgesluit omdat hulle geestelik opgewek was voordat hulle martelare geword het (Seiss, s.j., p. 307). Hulle het opgestaan om saam met Christus as konings te regeer (Op. 20:4).

Daar is ook 'n tweede groep dooies wat opstaan om hulle loon te ontvang. Maar hulle sal eers 'n duisend jaar later opstaan (Op. 20:5). Dan sal hulle liggaamlik opstaan, want hulle kom uit die see, die dood en die doderyk (Op. 20:13) waar hulle nie kon wees nie tensy hulle liggaamlik dood was (Du Toit, s.j., p. 390).

Hierdie mense wat deel het aan die eerste opstanding sal aan die begin van die duisend jaar opstaan. Hulle is die mense wat gedurende die "groot verdrukking" onder die antichris (Matt. 24:21; Op. 7:14) geleef het. Onder al hierdie verdrukking het hulle getrou gebly (Op. 20:4). Hulle sal konings wees wanneer Christus Koning word. Hy sal eers aan die begin van die duisend jaar Koning word en dan sal die getroue heiliges saam met Hom regeer. Die gelowiges ontvang die "onverwelklike kroon" (1 Petr. 5:4) nie voor die koms van Christus nie (Du Toit, s.j., p. 396). Paulus verwag ook die kroon eers met die verskyning van Christus as Regter (2 Tim. 4:8). Daarom het Johannes die martelare vroeër gesien as nog wagtende onder die altaar. Hulle was wel met wit klere beklee, maar hulle het nog nie krone gedra en op trone gesit nie (Op. 6:9 - 11).

Die gelowiges wat saam met Christus op aarde regeer sal geen liggaamlose siele wees nie, maar mense wat weer leef (Op. 20:4 - 5) net soos Christus weer leef (Op. 2:8) omdat hulle deel sal hê aan die eerste opstanding wat plaasvind net voor die duisend jaar begin. Aan die einde van die duisend jaar sal die tweede opstanding plaasvind. Die Skrif leer immers self duidelik dat daar twee opstandings sal wees (vergelyk Hebr. 11:35; Dan. 12:2; Luk. 20:34 - 35; 1 Thess. 4:15 - 17; 1 Kor. 15:21 - 26).*

Diegene wat deel het aan die eerste opstanding is salig en heilig (Op. 20:6). Hulle is die wat gehoorsaam en getrou gebly het tydens die groot verdrukking. Geen ontroue en ongehoorsame sal daaraan deel hê nie. Die ongelowiges sal in die dood bly terwyl die gelowiges uit die dood sal opstaan. Dit is dus 'n opstanding uit die dode. Hierdie opstanding uit die dode, die eerste opstanding, is selektief en eksklusief of uitverkiesend van aard (Du Toit, s.j., p. 412). Slegs sekere mense staan op tussen die ander dode uit. Dit is hulle wat waardig geag is om die vervolging te ontvlug (Luk. 2:36), maar ook hulle wat as martelare vir Jesus Christus

---

*Vir bespreking van hierdie tekste vergelyk Du Toit, s.j., p. 398 - 403; Dijk, s.j., p. 241 - 257.

gesterf het. Hulle is die uitverkorenes wat Hom tegemoet gaan in die lug. Volgens Du Toit (s.j., p. 96) word die opstanding van Christus en sy volgelinge altyd die opstanding uit die dode genoem. Die algemene opstanding word altyd omskryf as 'n opstanding van die dode (1 Kor. 15:12, 21; Hand. 24:15).

Daar is dus twee groepe van gelowiges wat deel het aan die eerste opstanding, naamlik die wat van die vervolging bewaar is (Luk. 21:36) en die wat deur die vervolging getrou gebly het aan die getuienis van Jesus en die Woord van God. Hulle is salig en heilig, want so was hulle ook gedurende hulle lewe in die vlees. Daarom ontvang hulle met die eerste opstanding deel aan die regering van Christus (Seiss, s.j., p. 337). Hierdie heiliges kan nie alleen die verdoemenis nie meer ten prooi val nie, maar "zij hebben ook het voorrecht duizend jaren eerder zalig te zijn dan de overige doden" (Anon, s.j., p. 726).

Die doel waarvoor die heiliges by die wederkoms van Christus opgestaan het, word in Op. 20:4, 6 gegee. Hulle sal "priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer" (Op. 20:6). Nadat die antichris met sy mishandeling van die heiliges van die aarde verban is en sy ryk vernietig is, sal die Seun van die mens en sy heiliges die koninkryk ont= vang en nie voor daardie bepaalde tyd gekom het nie (Dan. 7:11, 13 - 14; 21 - 22; 25 - 27). Die heiliges sal regeer in die sin wat Christus dit doen, naamlik "tot herder wees" (Op. 2:26 - 27; Du Toit, s.j., p. 406). Die doel van hulle herderskap is om 'n nuwe orde of koningskap op aarde te vestig.

Die tydperk waarop die gelowiges op aarde wag, naamlik die verlossing van hulle liggame (Rom. 8:23), die tydperk waarop die ganse skepping met "reikhalsende verlange" wag, naamlik die openbaarmaking van die kinders van God (Rom. 8:19) breek met die eerste opstanding aan. Die doel van die eerste opstanding is om die "klein kuddetjie" die welbehae van die Vader te skenk, naamlik die Koninkryk (Luk. 21:32; Du Toit, s.j., p. 407).

Die doel van die eerste opstanding is dus om aan die heiliges deel te gee aan die regering van Christus. Hulle taak sal dan wees om al die geveinsdes na Christus te lei. Die heiliges wat deel het aan die eerste opstanding sal heerlik besig wees om ganse volke, die bewoners van die

aarde te beïnvloed en na die ewige lewe te lei (Du Toit, s.j., p. 409). Oor hulle sal die tweede dood, die ewige dood, geen mag hê nie (Op. 20:6). Die ongelowiges, hulle wat deel het aan die tweede opstanding wat aan die einde van die duisend jaar sal plaasvind, sal ook aan die tweede dood deel hê.

## 4.2 Evaluering

Die eerste opstanding is 'n opstanding van die "siele" (Op. 20:4). Dit is 'n opstanding wat begin by die wedergeboorte uit die geestelike dood en sy beslag kry wanneer God die siel na die liggaamlike dood in sy heer= likheid opneem (Dijk, s.j., p. 262). Die siel is dus by die sterwe reeds lewend by Christus, al is die liggaam nog aan die dood onderworpe. Dit is belangrik om daarop te let dat Johannes nadruklik praat van die siele van die wat aan Christus getrou gebly het. Hierdie ontliggaamde siele heers saam met Christus. Hulle behoort in 'n sekere sin tot die dode anders sou Johannes nie kon praat van die "orige dode" nie (Op. 20:5). Vir die menslike besef is hulle dood, maar van hulle geld die woorde van Jesus aan Maria: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie" (Joh. 11:25 - 26).

Van die "ander dode", dit is hulle wat in ongeloof gesterf het, sê Johannes: "hulle het nie herlewe nie" - οὐκ ἔζησαν (Op. 20:5). Die woord ἔζησαν kom van die werkwoord ζάω - om te lewe. Die selfstandige naamwoord ζωή - lewe, dui die toekomstige lewe aan in teenstelling met die aardse lewe. Die toekomstige lewe word omskryf as ζωὴ αἰώνιος - ewige lewe (Matt. 19:16; Mark. 10:17). Die mens ontvang hierdie ewige lewe as 'n gawe van God wat die dooies opwek (Matt. 22:31 e.v.; Mark. 12:26 e.v.; Luk. 20:36 e.v.). "The fact that the future life is occasionally referred to by the use of alone, i.e. without any qualifying phrase, indicates that such life is regarded as real and true, the very life of God homself" (Matt. 18:18; Mark. 9:43, 45; Brown, vol. 2, 1981, p. 481).

Johannes sê dus in Op. 20:5 dat die ander dode nie met die ζωή-lewe geleef het nie. Hulle het nie die ewige lewe as gawe van God ontvang nie, want hulle was nie aan Hom gehoorsaam in die aardse lewe nie. "Man's relationship to God's will in this present life determines his destiny in the life to

come" (Matt. 19:16; Mark. 10:17; Luk. 18:18; Brown, 1981, vol. 2, p. 481). As gevolg van hulle ongehoorsaamheid aan God het die ander dode nie die ewige lewe ontvang nie.

Teenoor die ander dode staan die "siele wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God" (Op. 20:4). Reeds voor hulle liggaam=lik gesterf het, het hulle die ζωη-lewe gehad en by hulle sterwe geniet hulle hierdie lewe in sy volheid. In die toestand wat die siel hom by die liggaamlike dood bevind, met die ζωη-lewe of daarsonder, in daardie toestand bly die siel tot die laaste dag, totdat God die einde bring en liggaam en siel verenig word.

Die eerste opstanding verwys na die toestand van die siele van die getroue gelowiges by hulle dood. As die siele van die martelare en getroue ge=lowiges deurgaan na die hemel en op trone gaan sit om daar in heerlikheid te leef en te regeer, is dit die eerste opstanding (Lenski, s.j., p. 586). Die eerste opstanding verplaas die siel na sy hemelse troon en die tweede opstanding verenig die liggaam en siel. Nóg die liggaam nóg die siel van die ander dode word na die hemel verplaas.

Die wat deel het aan die eerste opstanding is heilig en salig, want die laaste teken van sonde is uitgewis by die oomblik van sterwe (Lenski, s.j., p. 588). Hulle het volkome deel aan die ζωη-lewe, hulle het deel aan die regering saam met Christus. Die tweede dood het oor hulle geen mag nie (Op. 20:6). Die tweede dood dui op die ewige dood in die poel van vuur (Op. 20:14).

Die eerste opstanding impliseer 'n eerste dood. Hierdie eerste dood is die fisiese dood en die eerste opstanding is die heerlikheid wat direk daarop volg. Die tweede dood impliseer ook 'n tweede opstanding. Die tweede dood is dan die staat van veroordeling van liggaam en siel in die hel. Die tweede opstanding is die vereniging van liggaam en siel (Hoeksema, 1974, p. 648).

Veldkamp (1979, p. 248) sê dat die eerste opstanding "de opvaart der zielen, de wijde vlucht de eeuwige zaligheid binnen" is. Dit is die eerste, ver=naamste en alles beslissende opstanding. Die opstanding van die vlees op die dag van die wederkoms is slegs die voltooiing daarvan.

Die siel wat sy liggaam in die fisiese dood agter laat en in die hemel

verhoog word, gaan slegs deur die eerste dood, naamlik die liggaamlike en sy liggaam volg hom na die hemel in die opstanding. Die siel wat egter sy liggaam in die dood agter laat en nie in die hemel verhoog word nie, gaan nie net deur die eerste dood nie, maar wanneer sy liggaam met hom verenig word by die opstanding gaan liggaam en siel die tweede dood binne.

## 4.3 Konklusies

4.3.1 Sekere aspekte van die chiliastiese verklaring van Op. 20:4 - 6 kan nie sonder meer verwerp word nie.

4.3.2 Die eerste opstanding is inderdaad nie die geestelike opstanding by bekering nie. Tog is dit allermins 'n liggaamlike opstanding.

4.3.3 Die eerste opstanding is die oorplasing van die siel in die hemel om daar deel te kry aan die regering met Christus.

4.3.4 Die regering met Christus vind nie op aarde, maar in die hemel plaas.

4.3.5 Daar is inderdaad twee opstandings. Tog is dit nie twee liggaamlike opstandings nie. Omdat die chiliaste uitgaan van 'n letterlike tydperk van duisend jaar kan hulle nie anders as om twee liggaamlike opstandings wat duisend jaar uit mekaar is te leer nie.

4.3.6 Daar is twee groepe dooies wat liggaamlik opstaan, maar dit vind gelyktydig plaas.

4.3.7 Slegs die getroue gelowiges het deel aan die eerste opstanding en kan die tweede dood nie verkry nie.

HOOFSTUK 5

# LOSLATING EN OORWINNING OOR SATAN - OP. 20:7 - 10

In hierdie hoofstuk word die aandag bepaal by die loslating en oorwinning oor Satan soos dit in Op. 20:7 - 10 aangedui word. In die bespreking moet vasgestel word wanneer en waartoe Satan vrygelaat word. Daarna sal aandag gegee word aan die finale oordeel oor Satan. Die chiliastiese verklaring van Op. 20:7 - 10 word eerstens gegee waarna dit geëvalueer sal word om vas te stel of dit 'n suiwer verklaring van Op. 20:7 - 10 is.

## 5.1 Die chiliastiese verklaring van Op. 20:7 - 10

Satan is voor die "Duisendjarige Ryk" as misdadiger ingekerker. Na afloop van die periode van duisend jaar word die gevangenis weer oop gemaak en Satan losgelaat. Waarskynlik word die bose geeste wat saam met hom in die afgrond was ook saam met hom losgelaat (Du Toit, 1896, p. 259; Du Toit, s.j., p. 422). As draak en slang verskyn hy nie meer nie, maar net as duiwel en Satan (Op. 20:7, 10). Hy is nog steeds die "mensemoordenaar, die vader van die leuen" (Joh. 8:44). Nou is sy lis nie meer bedek nie, maar tree hy openlik op teen die gelowiges. Christus en die gelowiges wat saam met Hom op aarde regeer het, die gelowiges wat deel het aan die eerste opstanding (Op. 20:4) trek dan terug na die hemel. Die gelowiges wat dan nog leef, bly op die aarde oor en teen hulle het die Satan vrye spel. Dit word vir hulle 'n bange tyd, maar dit sal van kort duur wees. Hierdie bange tyd sal eindig met die finale wederkoms van Christus om aan alles 'n einde te maak (Dijk, s.j., p. 267).

Die doel van die loslating van Satan is om die "nasies te verlei" (Op. 20:8). Hierdie nasies woon in die "vier hoeke van die aarde". Hulle is die nasies wat die verste van Jerusalem woon vanwaar die woord van die Here gedurende die duisend jaar uitgegaan het (Du Toit, s.j., p. 423). Die nasies is die Gog en die Magog. Magog is die seun van Jafet (Gen. 10:2), die vader van die Scithe. Die Scithe is 'n volk met 'n baie lae intelligensie en beskawingspeil. Paulus dui hulle aan as die swakste tipe mense (Kol. 3:11). Satan gaan dus na die mees laagstaande volke van die aarde tot wie die lig van die evangelie die swakste deurgedring het (Du Toit, s.j., p. 423). Hy weet dat hy by daardie volke die vinnigste

met sy leuentaal sal vorder.

Hierdie nasies het wel gedurende die glorieryke regering van Christus en die heiliges op aarde geleef, maar hulle het hul slegs uiterlik aan Sy regering onderwerp. Daar was by hulle nie inwendige wedergeboorte nie.

Die Gog en Magog is nie dieselfde as wat in Eseg. 38 en 39 genoem word nie. In Eseg. 38 en 39 is Gog die naam van die aanvoerder en Magog die land van herkoms. In Op. 20:8 is dit die benaming van die nasies van wie Satan die aanvoerder is. In Eseg. 38 en 39 kom hulle uit die noorde en in Op. 20:8 kom hulle uit die vier hoeke van die aarde. In Eseg. 38 en 39 word hulle met die swaard verslaan terwyl hulle in Op. 20:8 - 10 deur vuur uit die hemel verteer word (Du Toit, 1896, p. 260). Die stryd vind by Esegiël voor en by Openbaring na die "Duisendjarige Ryk" plaas.

Die vernietiging van Satan en sy leërmag vind by Jerusalem plaas. Hieruit blyk dat Jerusalem die hoofstad van die Christenryk op aarde sal wees (Du Toit, 1896, p. 260). Die heiliges wat die koninkryk ontvang het, sal hulle self in 'n leër rondom die stad opstel.. Jerusalem is die middel=punt van die goddelike openbaring en ook die mikpunt van Satan se aanvalle. So was dit met die verwoesting van die stad deur die Romeine, so sal dit wees aan die einde van hierdie bedeling en so sal dit ook aan die einde van die duisend jaar wees (Du Toit, 1896, p. 260). Elke bedeling eindig dus met 'n stryd by die stad Jerusalem.

By die laaste aanslag op Jerusalem sal God self ingryp, want vuur uit die hemel sal hulle verslind (Op. 20:9). Hier word onderskei tussen die oordeel oor Satan en die oordeel oor sy leërmag. Die leërmag van Satan word deur vuur gedood en daarmee word die oordeel oor die lewendes volein=dig. Dan kom die oordeel oor Satan wat dadelik in die poel van vuur en swawel gewerp word. Satan kom dan tot sy diepste val. Hy word eers uit die hemel gewerp (Op. 12:5 - 12), daarna word hy by die aanvang van die "Duisendjarige Ryk" in die afgrond opgesluit (Op. 20:2 - 3) en eindelik word hy aan die einde van die "Duisendjarige Ryk" in die poel van vuur en swawel gewerp (Op. 20:10).

5.2 Evaluering

Aan die einde van die dae word aan Satan die geleentheid gegee om alles in sy vermoë te doen om die gelowiges te verlei. Die einde van die dae is die einde van die Nuwe Testamentiese era (Lenski, s.j., p. 592) of evangeliese eeu. Die verkondiging van die evangelie onder die nasies is dan voltooi (Matt. 24:14). Die einde van die duisend jaar dui nie daarop dat die heerskappy van Christus tot 'n einde gekom het en dat Hy voor die ryk van Satan moet wyk nie. Satan word immers losgelaat. Hy word toegelaat om sy mag uit te oefen en dit dui steeds op sy gebondenheid. Hy kan niks doen as dit hom nie toegelaat word nie.

Die doel van sy vrylating is om aan hom geleentheid te gee om die godevyandige nasies teen die Christus-Koning en sy heiliges te versamel. Hierdie nasies word aangedui met die name Gog en Magog. Dit toon 'n sterk ooreenkoms met Eseg. 38 en 39. In Eseg. 38 en 39 was die aanslag van Gog uit die land van Magog die laaste groot verdrukking wat die volk van God onder die ou bedeling moes verduur. Daarom is dit gepas as simbool vir die laaste aanslag van die sataniese magte teen die kerk van die Nuwe Testament.

Die leërs van Gog uit die land van Magog was geweldig groot en daarom kan hulle die wêreldwye teenstand teen die kerk simboliseer. Die optrede van Gog uit die land van Magog was baie kort. Daarom is dit geskik as aan= duiding van die kortstondige laaste verdrukking in die laaste dae. Die neerlaag van die leërs van Gog in Eseg. 38 en 39 was heel onverwags en volkome. Dit was duidelik die werk van God en daarom dien dit as simbool vir die stryd in die laaste dae (Hendriksen, 1979, p. 175 - 176).

Die feit dat die nasies uit die vier hoeke van die aarde kom, dui daarop dat hulle van oor die hele wêreld versamel sal word (vergelyk Op. 7:1; Rigt. 20:2; 1 Sam. 14:34). Die hele sondige wêreld sal deel neem aan die vervolging van die gelowiges (Morris, 1979, p. 239).

Die sataniese wêreldmag sal optrek teen die "laer van die heiliges en die geliefde stad" (Op. 20:9). Die geliefde stad is Jerusalem, die stad van die lewende God. Dit dui egter nie op die stad Jerusalem in Palestina nie, maar moet in 'n geestelike sin verstaan word (Van der Waal, 1981, p. 349; Morris, 1979, p. 239). Uit Matt. 24:2 blyk dit dat die aardse stad Jerusalem tot 'n einde gekom het. Daar is nêrens in die Heilige Skrif

enige aanduiding dat die betekenis van die aardse Jerusalem herstel sal word nie (Dijk, s.j., p. 276). Jerusalem, as geliefde stad, is die aan= duiding vir die gemeente van die Here. In die boek Openbaring word die naam "nuwe Jerusalem" gebruik vir die triomferende kerk, die bruid van die Lam wat op die nuwe aarde sal woon (Op. 3:12; 21:2 en verder Gal. 4:26; Hebr. 12:22). Satan rig sy aanvalle dus teen die gemeente van Jesus Christus.

Dit blyk ook uit die woorde "die laer van die heiliges". Dit is die gelowiges wat getrou gebly het, die gemeente van Jesus Christus. Die kerk van God word hier beskryf "onder die dubbele simbool van 'n stad en 'n laer" (Hendricksen, 1977, p. 177).

Op. 20:7 - 10 beskryf dieselfde oorlog waarvan reeds in Op. 16:12 - 21 en Op. 19:19 gepraat word. In al drie gevalle staan daar in die oorspronklike **τον πολεμον** - dié oorlog. Dit gaan dus nie om drie verskillende oorloë nie, maar om een en dieselfde oorlog. Die "nuwe" wat Op. 20:7 - 10 onthul, is wat met Satan gebeur as gevolg van die oorlog. Wanneer dit lyk asof Satan en sy magte die oorwinning gaan behaal, gryp God self in, want "vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind" (Op. 20:9). Die oorwinning oor Satan en sy mag is nie 'n aardse seëpraal sodat die nasies weer terug gedryf word in die vier hoeke van die aarde nie, maar dit is die finale oorwinning van God. Satan ontvang sy straf, want hy word vir ewig in die poel van vuur en swawel gewerp (Op. 20:10).

## 5.3 Konklusies

5.3.1 Die chiliastiese verklaring is nie geheel en al te verwerp as onsuiwer verklaring van die Skrif nie omdat dit elemente van waarheid bevat.

5.3.2 Een van die grondfoute van die chiliaste is dat hulle uitgaan van 'n letterlike tydperk van duisend jaar waartydens Christus en die gelowiges op aarde sal regeer. Daarom onderskei hulle 'n tweërlei wederkoms van Christus.

5.3.3 Waarom alle gelowiges nie met Christus na die hemel terugkeer nie is onduidelik.

5.3.4 Gog en Magog in Op. 20:7 - 10 en Eseg. 38 en 39 toon 'n treffende ooreenkoms.

5.3.5 Op. 20:7 - 10 dui inderdaad die diepste val van Satan aan.

## HOOFSTUK 6

## SAMEVATTENDE KONKLUSIES

Uit die voorafgaande studie blyk dat die chiliaste se metode van interpretasie van Op. 20:1 - 10 nie as suiwer verklaring van die Woord van God kan stand hou nie omdat:

6.1 hulle verklaring op 'n letterlike interpretasie van die boek Openbaring berus;

6.2 hulle eensydig klem lê op die profetiese karakter van die boek Openbaring, terwyl die apokaliptiese karakter uit die oog verloor word;

6.3 hulle nie rekening hou met die apokaliptiese tydsorde nie, maar met 'n chronologiese tydsorde werk;

6.4 hulle nie met die plek en doel van die visioen van duisend jaar in die boek Openbaring rekening hou nie. Daarom lê hulle baie klem op die regering van die getroue gelowiges en word die heerskappy van die Christus-Koning op die agtergrond geskuif;

6.5 hulle skeiding maak tussen die priesterlike- profetiese- en koninklike ampte van Christus terwyl hierdie ampte slegs van mekaar onderskei, maar nooit geskei kan word nie;

6.6 hulle nie met die simboliek in die boek Openbaring rekening hou nie;

6.7 hulle geen oog het vir die feit dat die apokalips telkens die wêreldgeskiedenis van begin tot einde vanuit verskillende gesigspunte belig nie.

6.8 Dit blyk verder dat:

6.8.1 Satan reeds aan die begin van die Nuwe Testamentiese tydperk gebind en uit die hemel op die aarde neergewerp is (Op. 12:1 - 17);

6.8.2 Satan nou reeds 'n oorwonne vyand is. Hy is gebind sodat hy gedurende die huidige bedeling nie die uitbreiding van die evangelie kan

verhinder nie;

6.8.3 Jesus Christus nou reeds Koning is en nie eers aan die einde van hierdie bedeling Koning sal word nie;

6.8.4 die heerskappy van Christus en die getroue gelowiges vanuit die hemel plaasvind;

6.8.5 die eerste opstanding direk na die liggaamlike dood plaasvind wanneer die siele van die getroue gelowiges in die ware lewe (ζωη), die lewe in gemeenskap met God, oorgeplaas word;

6.8.6 die "ander dode" (Op. 20:5) die mense is wat nie die ware lewe (ζωη) as gawe van God ontvang het nie. Hulle het nie op aarde met die ζωη-lewe geleef nie en kan dit daarom ook nie na die liggaamlike dood ontvang nie;

6.8.7 Satan aan die einde van die huidige bedeling losgelaat word om die godevyandige nasies teen Christus en sy heiliges te versamel. Hierdie nasies word aangedui as die "Gog en Magog" (Op. 20:8) en toon 'n treffende ooreenkoms met Eseg. 38 en 39;

6.8.8 die "geliefde stad" (Op. 20:9) na die triomferende kerk, die bruid van die Lam verwys (Op. 3:12; 21:2);

6.8.9 Op. 20:7 - 10 dieselfde oorlog beskryf waarvan in Op. 16:12 - 21 en Op. 19:19 gepraat word;

6.8.10 die chiliastiese voorstelling van 'n "Duisendjarige Vrederyk" op aarde nêrens in die Heilige Skrif steun vind nie, allermins in Op. 20:1 - 10.

BIBLIOGRAFIE

ADAMS, J.E. 1976. The time is at hand. s.p. Presbyterian and Reformed Publishing Company.

ANON. s.j. Het Boek voor onzen tijd - de Openbaring van Johannes. Baarn. Hollandia.

BAVINCK, H. 1930. Gereformeerde Dogmatiek, deel lV. Kampen. Kok.

BAVINCK, J.H. s.j. En voort wentelen de eeuwen - gedachten over het boek der Openbaring van Johannes. Wageningen. Zomer en Keunings.

BERKHOFF, A.M. 1929. De Christusregeering. Kampen. Kok.

BOOYENS, M.J. 1977. Kom, Here Jesus - die Openbaring van Johannes - toegelig en toegepas in die vorm van 'n Bybelse dagboek. s.p. N.G. Kerkboekhandel.

BROWN, C. 1981. The New International Dictionary of New Testament Theology. Volume 2. Grand Rapids. Zondervan.

CALVIN, J. 1979. Institutes of the Christian Religion, translated by Henry Beveridge. Volume 2. Grand Rapids. Eerdmans.

CHARLES, R.H. 1980. A critical and exegetical commentary on the Revelation of St. John. Volume 2. Edinburgh. Clark.

COETZEE, J.C. s.j. Kanoniek van die Nuwe Testament (ongepubliseerde klasdiktaat. Teologiese Skool. P.U. vir C.H.O.).

DE HAAN, M.R. s.j. Revelation, 35 simple studies on the major themes in Revelation. Grand Rapids. Zondervan.

DE HEER, J. s.j. Het Duizendjarig Vrederijk. Zeist. Zoeklicht.

DIJK, K. s.j. Het Rijk der Duizend Jaren, beschouwingen in het verleden en het heden over het Duizendjarig Rijk. Kampen. Kok.

DIJK, K. 1952. Over de Laaste Dingen, het einde der eeuwen. Kampen. Kok.

DU TOIT, C.W.M. s.j. Toekomstige wêreldgebeure in die lig van die Skrif. Frankfort. Vrije Christelike Gereformeerde Kerk.

DU TOIT, S.J. 1896. Aan de Gemeente der Laaste Dagen. Paarl. Du Toit.

DU TOIT, S.J. s.j. Onvervulde profesieë. Frankfort. Vrye Christelike Gereformeerde Kerk.

DUVENAGE, S.C.W. 1974. Voor Sy troon en hierbenede - preke uit die Openbaring van Johannes. Potchefstroom. Pro Rege.

ENGELBRECHT, J.J. s.j. Die Millenium en die herstel van Israel. Hercules. N.H.W.-pers.

GÄRTNER, J.M. 1866. Het morgenlicht van den wereldsabbat en de dingen die vooraf gaan. Amsterdam. De Hoogh.

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1933. Handelinge van die 24ste Sinodale Vergadering in sitting byeen te Pretoria, Transvaal op Donderdag 16 Maart 1933 en volgende dae. Potchefstroom. Die Weste-drukkery.

GREIJDANUS, S. 1949. Bizondere Canoniek van de boeken van het Nieuwe Testament, deel II - Brieven tot Openbaring. Kampen. Kok.

GREIJDANUS, S. 1908. De Openbaring der Heeren aan Johannes. Doesburg. Van Schenk Brill.

HENDRICKSEN, W. 1977. Meer as oorwinnaars, 'n verklaring van die boek Openbaring. Kaapstad. Verenigde Protestantse Uitgewers.

HENDRIKSEN, W. 1979. Die hiernamaals, wat sê die Bybel? Kaapstad. Verenigde Protestantse Uitgewers.

HOEKSEMA, H. 1974. Behold, He cometh! An exposition of the Book of Revelation. Grand Rapids. Reformed Free Publishing Association.

HOEKSEMA, H. 1976. The triple knowledge - an exposition of the Heidelberg Catechism. Volume 2. Grand Rapids. Reformed Free Publishing Association.

HOEKSTRA, H. 1903. Bijdrage tot de kennis en beoordeeling van het Chiliasme. Kampen. Kok.

JONES, R.B. 1976. What, where and when is the Millenium? Grand Rapids. Baker.

KUYPER, A. 1931. Van de voleinding. Deel lV. Kampen. Kok.

KUYPER, A. 1964. The Revelation of St. John. Grand Rapids. Eerdmans.

LENSKI, R.C.H. s.j. The interpretation of St. John's Revelation. Minneapolis. Augsburg.

MALAN, W.C. 1970. Duisend Jaar! Hoe lank? Brakpan. Verenigde Gereformeerde Uitgewers.

MASSELINK, W. 1932. Het Duizendjarig Rijk. Delft. Naamlooze Vennootschap.

MORRIS, L. 1979. The Revelation of St. John. s.p. Inter-Varsity Press.

MÜLLER, J.J. 1936. Die Christelike Sektewese. Kaapstad. Nasionale Pers.

OOSTHUIZEN, W.H.M. 1960. As die Seun van die Mens kom. Pretoria. N.G. Kerkboekhandel.

RIENECKER, F. 1982. A linguistic key to the Greek New Testament. Volume 2. Romans tot Revelation. Grand Rapids. Zondervan.

SEISS, J.A. s.j. The Apocalypse, a series of special lectures on the Revelation of Jesus Christ with revised text. Volume 3. Philadilphia. Philadelphia School of the Bible.

SMITH, U. 1889. De Openbaring: synde eene verklaring vers voor vers, van dit belangrijk gedeelte der Heilige Schrift. Chicago. Het Inter= nasionaal Traktaatgenootschap.

VAN DER WAAL, C. 1981. Openbaring van Jesus Christus. Oudkarspel de Nijverheid.

VELDKAMP, H. 1979. Zondagskinderen, kanttekeningen bij de Heidelbergse Catechismus. Deel I. Franeker. Wever.